

24SEP2017
OM JESUS TE KEN.

GROEP NOTAS

- Welkom. Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuigenis van iets wat God gedoen het?

Ons het vertrek op 'n missie / reis / seisoen om Jesus beter te leer ken. Dit gaan alles oor Hom. Hy is die Hoof van die kerk en alles is uit Hom, deur Hom en tot Hom. Ons wil ons lewens en gedagtes op Hom fokus.

.....

Om Jesus werklik te ken...

“Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape.” JOH 10:14-15

- Wat dink jy is die rol van 'n goeie herder?
- Op watter maniere is Jesus vir jou 'n goeie herder?
- Vertel vir die groep iets omtrent jouself wat min mense weet...
- Jesus ken jou! Hoe laat dit jou voel?
- Hoe dink jy sal jy die verhouding tussen God die Vader en Sy Seun Jesus beskryf?
- Hoe sal jy jou verhouding met Jesus beskryf?
- Wat doen jy om Jesus beter te leer ken?

Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood. FIL 3:10

- Wat dink jy is meeste mense se top 3 doelwitte in die lewe?
 - Wat is jou 3 grootste begeertes of “wense”?
 - Wat leer jy uit die 3 dinge wat Paulus wens?
- Wat staan vandag tussen jou en 'n beter verhouding met Jesus?
- 1) Sonde.
 - 2) Gebrek aan dissipline in die Woord.
 - 3) Gebrek aan tyd in gebed.
 - 4) 'n Persoon.
 - 5) 'n Gewoonte wat tyd steel.
- Is jy bereid om te werk aan jou verhouding met Jesus? wat is jou volgende stap nader aan Jesus?
 - Bid vir mekaar, vriende en familie.